




# Wiskunde

Dag 2

5 Mei



# Kom ons tell!

1. Tel tot by 20. Knip jou oë op elke getal.



2. Tel terug van 10. Tik jou skouers op elke getal.



3. Gebruik die flitskaarte. Pak dit in volgorde. Leerder maak oë toe terwyl mamma kaartjies omruil. Kind maak dan dit weer reg.

(Verwys na [Dins. telvideo](#))





# Liedjie - Vyf klein apies


LAERSKOOL  
MIKRO



Vyf klein apies speel op die bed  
een val af en kry seer in die pret.  
Mamma word geroep om hulle te kom red.  
En die een klein apie word die bed belet.  
(Herhaal vir vier, drie, twee en een)  
En van al die kleine apies bly een oor op die bed.  
Hy sug diep en slaap vas van te veel pret.



# Skryf van 5



1. Vat jou vinger en skryf die getal, van die rooi tot by die groen kol. Ons lig nie ons vinger op as ons die getal 5 skryf nie.
2. Maak 'n getal 5 met klei.
3. Gebruik klippies/sand en pak dit uit sodat dit soos die getal lyk.
4. Skryf die getal in die lug.
5. Skryf die getal op mamma, pappa, boetie en sussie se **ruê**



# Getalnaam vyf

# vyf

1. Maak 'n getal, kol- en naamkaart vir 5. Flits dit vir die leerder. Hou dit by die ander getalle 1 tot 4.
2. Maak 'n ekstra kaartjie “vyf”. Knip die klanke op. Skommel dit en leerder moet dit in die regte volgorde pak.
3. Vragies:
  - Watter klankie hoor jy aan die begin van die woord “vyf”?
  - Hou 5 vingers in die lug. Klap 5 keer. Hop 5 keer.

# Kom ons maak 5

1. Kry 5 speelgoed bv. Sagte speelgoed, karretjies, blokkies, ens.
2. Kry 'n uitgeknipte kartonsirkel of 'n houer.
3. Vragies (terwyl kind dit fisies doen):
  - As daar 4 speelgoed in die houer is, hoeveel speelgoed moet ek bysit om 5 te kry?
  - As daar 5 speelgoed in die houer is, hoeveel speelgoed moet ek wegvat om net 2 oor te hê?
  - Maak 2 groepe wat ewe veel is. Bly daar speelgoed oor?
  - \*verander die getalle en doen minimum 6 van sulke vragies.

# Dierejagtog

1. Mamma gaan steek 5 diere in die huis/tuin weg.
2. Kind kry kans om die diere te gaan soek.
3. Hy moet dit in 'n ry in die volgorde pak soos wat hy dit gekry het.
4. Vragies:
  - Watter dier het jy eerste gevind?
  - Watter dier het jy laaste gevind?
  - Watter dier het jy derde gevind?
  - Watter dier het jy tweede gevind?

# GOEIE WERK, MAATJIE!

LAERSKOOL  
MIKRO

